# 7 Junie 2023 - Lesing 42 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Kindskap van God kan slegs op hierdie aarde bereik word – 26/10/57

**NO: 6955** Slegs op aarde is dit vir julle moontlik om die hoogste graad van volmaaktheid te bereik, sodat julle as ware **"kinders" van God** die geluksaligheid sal kan binnegaan. Die aarde is die plek vir die vorming van die geestelike wat die hoogste eise stel aan die wil van die mens. Alle skole in die hele heelal dien die geestelike om **ryp te word** en hulle kan vir hulleself ook onmeetlike geluksaligheid besorg.

Maar slegs 'n gang oor hierdie aarde kan vir die wese die **kindskap** van God besorg, 'n graad van geluksaligheid wat 'n **direkte deurstraling van krag en liefde** beteken, **uiterste nabyheid** van die hemelse Vader en 'n **aanskouing** van aangesig tot aangesig in alle heerlikheid.

Daar is soveel verskillende grade van geluksaligheid in die koninkryk van lig en dit beteken reeds geluk en geluksaligheid wanneer die wese tog al in die koninkryk van lig opgeneem is. Maar die graad van geluksaligheid kan voortdurend toeneem en die begrip kan nie maklik aan julle mense verduidelik word nie, solank julle denke nog beperk is, solank julle nog op aarde vertoef.

Maar tog sal julle daartoe opgevoed kan word om na die hoogste doel te streef **wat deur julle gang oor die aarde bereik kan word**. Julle moet weet en glo dat God Homself vir julle op hierdie aarde beliggaam het, omdat Hy juis vir julle 'n onvoorstelbare mooi lot wou berei. Maar julle sal dit self moet **verwerf**. Hy kan dit nie aan julle skenk nie, maar Hy bied julle alle moontlikhede aan wat julle waarborg dat julle die doel sal kan bereik.

Die siele wat die weg oor hierdie aarde gaan, **het al uit die diepste diepte omhoog gekom**. Hulle het so 'n ontsettende lydensweg agter hulle dat hulle reeds so voorberei is om nog die laaste kort weg te gaan. Maar juis hierdie laaste tyd van beproewing is gevaarlik, omdat hulle - na die oneindige lang tyd van uiters kwellende kluistering - nou 'n sekere mate van vryheid ervaar en dit maklik kan **misbruik**. Juis is hierdie aarde 'n plek van versoeking, **omdat die beliggaamde siele op die aarde die mees troue aanhangers van die teenstander van God was**, wie hy ook nie wil teruggee nie en daarom werk hy aanhoudend in op die geestelike wat opwaarts streef.

Maar wanneer hierdie eertydse mees troue aanhangers van die gevalle oergees hulself vanuit sy boeie kan losmaak, dan is daar ook vir hulle 'n buitengewone heerlike lot te wagte. Want dan het daar 'n verandering in hom plaasgevind **van 'n "skepsel" van God na 'n "kind" van God,** wat egter ook 'n volledige oorgawe aan God vereis, 'n totale verandering van hul wese, 'n hoë mate van omvorming tot liefde. Vandaar die buitengewoon swaar en smartlike gang oor die aarde, wat hom na die doel moet voer.

Weinig mense bereik egter hierdie hoë graad van volmaaktheid. Tog word die gang oor die aarde meer deur God gewaardeer as 'n gang deur die ander verblyfplekke om daarin ryp te word, **wat ligter voorwaardes aan die wesens stel.** Hulle is egter ook geluk en geluksaligheid beskore indien hulle maar die take kan vervul wat aan hulle gestel word in al die skole van die Goddelike Liefde. Al die geestelike moet die weg weer vind en die geluksaligheid bestaan daarin dat daar geen einde is nie, dat die wese onophoudelik daarna sal streef om onafgebroke vervulling te vind, dat ook die geluksaligheid voortdurend sal toeneem vir diegene wat bereid is om nader aan God te kom.

Maar die mense op aarde weet nie wat hulle kan bereik deur hul gang oor die aarde nie. Hulle weet nie dat hulle ontelbare **tussenstadia kan oorslaan**, dat dit vir hulle moontlik is om 'n plek in die hart van die Vader te verwerf, Wie hulle vir ewig sal skadeloos stel van die swaarste lot op aarde, vir 'n gang oor die aarde wat vir hulle byna ondraaglik lyk.

Daarom het God Homself ook as mens op hierdie aarde beliggaam om aan die mense te wys welke soort lewe 'n mens moet leef om die hoogste doel te bereik. Hy het aan hulle getoon dat dit moontlik is deur liefde en lei die siel so tot vergeesteliking sodat sy haarself volledig met God aaneen kan sluit, om dan in hierdie algehele vereniging met die Vader onuitspreeklik geluksalig te wees en sy sal ewig bestaan. Amein.